SEËLREG
DUTY R........................

FOOI
FEE R 75,00

GEREGISTREER
REGISTERED

REGISTRATEUR/REGISTRAR

02 08 96

K 750 / 96

**NOTARIëLE AKTE VAN SERWITUUT**

HIERMEE WORD BEKEND GEMAAK dat op die 12de dag van JUNIE 1996 voor my,

MEYER DE WAAL

Notaris, deur wettige gesag behoorlik beëdig en toegelaat en woonagtig en praktiserend te KAAPSTAD Provinsie Wes-Kaap en in die van die teenwoordigheid van die ondergetekende getuies persoonlik gekom en verskyn het

GAIL LINDA BITHELL

behoorlik daartoe gemagtig deur 'n volmag geteken te KAAPSTAD op 10 JUNE 1996 en aan haar verleen deur JOHANNES JACOBUS JANSEN VAN RENSBURG in sy hoedanigheid as Algemene Bestuurder: (Eiendomme) van

**METROPOLITAN LIFE LIMITED**
**NO. 05/32491/06**

(as eienaar van die heersende eiendom)
'n afskrif van welke volmag nou in my protokol berus;

EN

**ILZE FOURIE VAN NIEKERK**
**Identiteitsnommer: 590426 0052 004**
**ONGETROUD**

as eienaar van die dienende eiendom

'n afskrif van welke volmag nou in my protokol berus;

**NADEMAAL** die partye ooreengekom het dat die dienende eienaar aan die heersende eienaar 'n serwituut sal verleen vir die reg van weg oor

GEDEELTE 67 (gedeelte van gedeelte 57) van die plaas BRAKKLOOF nommer 443 geleë in die gebied van die Groter Plettenbergbaai Plaaslike Oorgangsraad, Afdeling Knysna, Provinsie Wes-Kaap

GROOT: 8565 (Agt Duisend Vyfhonderd Vyf en Sestig) vierkante meter

GEHOU: kragtens TRANSPORTAKTE Nr. T14689/1989 (die dienende eiendom)

**DERHALWE** het die partye ooreengekom om die volgende serwituut te registreer:

ten gunste van **METROPOLITAN LIFE LIMITED** of die opvolgers-in-title daarvan as geregistreerde eienaar van

GEDEELTE 60 ('n gedeelte van gedeelte 59) van die plaas BRAKKLOOF Nr 443 geleë in die gebied van die Groter Plettenbergbaai Plaaslike Oorgangsraad, Afdeling Knysna, Provinsie Wes-Kaap

GROOT: 92,8530 (Nege Twee komma Agt Vyf Drie Nul) hektaar

GEHOU: kragtens TRANSPORTAKTE Nr. T36740/1984 (die heersende eiendom)

oor

GEDEELTE 67 ('n gedeelte van gedeelte 57) van die plaas BRAKKLOOF Nr 443 geleë in die gebied van die Groter Plettenbergbaai Plaaslike Oorgangsraad, Afdeling Knysna, Provinsie Wes-Kaap

GROOT: 8565 (Agt Duisend Vyfhonderd Vyf en Sestig) vierkante meter

GEHOU: kragtens TRANSPORTAKTE Nr T14689/1989 (die dienende eiendom)

1.1 'n Serwituut reg van weg 6(ses) meter wyd parallel tot en vir die volle lengte van die lyn D.a. op Kaart 8363/1970 geheg aan transportakte Nr T35111/1976;

1.2 Die reg om die serwituut gebied beskryf in klousule 1.1 hierbo uit te lê volgens keuse en wat sal insluit maar nie beperk is tot die aanplanting van bome, struike, rotstuinne, terasse en plaveisel te lê soos en waar nodig;

1.3 Die reg om die oprigting van strukture op gedeelte 67 voormeld te beperk tot 'n maksimum van nie meer as 3 (drie) verdiepings gemeet vanaf grondoppervlakte nie.

2. Daar word geen vergoeding deur die een party aan die ander vir die bogemelde kansellasie van serwituut soos wat vervat was in Notariële Akte van Serwituut K110/1987S is of vir die verlening van hierdie serwituut betaal is nie.

Aldus geteken te Kaapstad, op die dag, maand en jaar vermeld in die teenwoordigheid van die ondergetekende getuies.

AS GETUIES:

1. ........................................

2. ........................................

QUOD ATTESTOR

NOTARIS